


**Week 4:**
**Om te vergewe...**

*Met hierdie reeks wil ons jou uitdaag om hard en eerlik sake in jou lewe in die oë te kyk en dapper genoeg te wees om jouself uit te daag om dieper te groei...*

**Inleiding** (Welcome)

**Spandeer 5-10 minute om net te re-cap voor watter challenges/uitdagings BRAVE-reeks jou gestel het.**

Wat leer ons oor die **krag van vergiffenis** in die volgende clip:
https://www.youtube.com/watch?v=FxoMbPWuk0I

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

**Wat sê die Woord:** Lees **Johannes 8:1-12, 20:19-25**

1. Wat het **jou getref** met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*
   a. *Verhaal van die vrou in Johannes 8*

   b. *Verhaal van Petrus in Johannes 21*

2. **Hoekom is dit vir jou moeilik om te vergewe?**

3. Wat het jy nuut geleer oor **hoe Jesus mense met sonde en foute hanteer?**

   - Hoe het Hy **die vrou** hanteer en waarmee het Hy haar gechallenge?

- Hoe het Hy die **Fariseërs** hanteer en waarmee het Hy hulle gechallenge?

- Hoe het Hy vir **Petrus** hanteer en waarmee het Hy hom gechallenge?

4. **Waarom dink jy vra Jesus vir Petrus of hy Hom liefhet? Hoekom dink jy is dit so belangrik –** nie net vir ons verhouding met die Here nie, maar ook vir ons verhouding met ander mense**?**

5. Ons almal het mense wat ons moet **vergewe**, **omdat hulle ons seergemaak het**, judge, te nakom, of wat hulle ook al aan ons gedoen het. *(Kan jy aan 'n paar dink?)*
   Ons almal ken mense wat ons moet vergewe, **omdat ons hulle seergemaak het**. *(Kan jy aan 'n paar dink?)*
   Die feit dat ons sukkel met vergewe, of skuldig voel oor ons sonde, het die potensiaal om te maak dat ons soms wil opgee op God of op mense. In Joh 21 gaan vang die dissipels liewers maar weer vis *(hulle ou manier van lewe*) en as Jesus dan op die wal staan, herken Petrus Hom nie eers dadelik nie. Om nie te vergewe of om vergiffenis te vra nie – kan maak dat ons Jesus mis, dit kan ons vasgevang hou in ons ou lewe. **Wie moet jy vergewe, waarvoor?**
   Is jy BRAVE genoeg om dit te doen...

**Aanbidding, toewyding** (Worship)

Om weer met God te waag, moet jy dapper genoeg wees om te vergewe

(1) Watter sake in jou lewe is nie reg nie en wil jy om vergiffenis vra – wil jy bely?

(2) Vir wie moet jy vergewe?

(3) Vir wie moet jy om vergiffenis gaan vra?

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk. Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?

**Om te gaan doen** (Works)**:**

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband**– en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**: deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 4 van die BRAVE 40 days**

- Besluit hoe julle as **groep** mekaar hierin kan help